# DIEP, DONKER EN DODELIK

**deur**

**Gert Christiaan Cruywagen**

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie RADIODRAMA my eie oorspronklike werk is.

**Gert Christiaan Cruywagen**
Rupee Place nommer 8
Eldoglen
0157
012 658 5420 (Huis)
012 658 5426 (Faks)
011 407 8503 (Werk)
082 611 6013 (Sel)
Gert.Cruywagen@junglerisk.com
gert.cruywagen@sappi.com

Kopiereg:

G.C. Cruywagen
8 Rupee Place
Eldoglen
0157

**RADIODRAMA**

# DIEP, DONKER EN DODELIK

**deur**

**Gert Christiaan Cruywagen**

## Rolverdeling:

1. Frits Landman (Mynvoorman - ongeveer 40 – lummel en baie baasspelerig. Duld geen teenspraak nie.)

2. Jan Ludick (Senior Mynwerker - ongeveer 35 – spraaksaam. Kom nie goed oor die weg met Landman nie. Paar keer oorgesien vir bevordering)

3. Jabu Mabasa (Mynwerker - ongeveer 38 – lojale spanman – doen wat vir hom gegee word. )

4. Willem Els (Senior Mynwerker – ongeveer 30 – teruggetrokke. Hardwerkend, wil graag vooruit gaan)

5. Kaptein Reinet Malan (Ondersoekbeampte – ongeveer 40 – intelligent en energiek)

6. Superintendent Koos van As (Speurderbevelvoerder – ongeveer 55 – tipies)

Toneel 1: Ondervragingskamer
Toneel 2: Ondergonds in myntonnel – voor, tydens en na ‘n rotsstorting. Baie van die aksie vind plaas in die pikdonker tonnel, waar die karakters vasgekeer is na ‘n rotsstorting.

**TONEEL:** KANTOOR VAN DIE SPEURHOOF

**FX LEWEND KLOP AAN DEUR**

1 VAN AS: Binne!

**FX LEWEND DEUR WAT OOP EN TOE GAAN:**

2 MALAN: Môre, Sup. U het my laat roep?

3 VAN AS: Môre, Kaptein. Ja, ek het jou laat kom. Sit asseblief.

**FX LEWEND STOEL WAT SKUIF**

4 MALAN: Wat gaan aan, Sup? Is dit ‘n nuwe saak vir ons, vir die Speurtak?

5 VAN AS: Ja, Kaptein, maar dis ‘n snaakse ene hierdie. Die Hoofinspekteur van Myne het ons versoek om die dood van ‘n mynkaptein tydens ‘n drukbars verder te ondersoek.

6 MALAN: Maar Sup, dis mos ‘n ding wat gewoonlik met ‘n geregtelike doodsondersoek gedoen word. Hoekom die polisie inroep? Hoekom ek? Ek weet maar min van myne en mynveiliheid af.

7 VAN AS: Die Hoofinspekteur is nie oortuig dat dit bloot ‘n mynongeluk was nie. Hy vermoed daar is meer hier betrokke. Hy vermoed gemene spel

8 MALAN: Hoe so, Sup?

1 VAN AS: Blykbaar is dit iets wat een van die mynwerkers gesê het. Die Hoofinspekteur wou self nie te veel sê nie. Ons moet maar op ons manier agter die kap van die byl kom.

2 MALAN: Nou waar moet ek begin?

3 VAN AS: Daar was drie ander mynwerkers saam die oorledene ondergronds vasgekeer. Ek het hulle laat inbring vir ondervraging.

4 MALAN: Waar is hulle nou? In die ondervragingskamers?

5 VAN AS: Ja, hulle sit hier onder vir jou en wag. Jy moet maar redelik vinnig uitvind hoe die wind waai. Ons sal die skuldige moet uitsnuffel, anders sal ons die lotjie onverrigtersake moet laat loop ... Sterkte.

6 MALAN: Dankie Sup. Ek sal laat weet hoe ek vorder. Totsiens.

**FX MUSIEKBRUG**

**TONEEL:** ONDERVRAGINGSKAMER

7 MALAN: Meneer Ludick. Dag. Ek is Kaptein Malan van die Speurtak. Sit maar.

8 JAN LUDICK: Dankie.

**FX LEWEND** **STOEL WAT SKUIF; TOERUSTING WAT NEERGESIT WORD**

1 MALAN: Meneer Ludick, gee jy om as ek hierdie gesprek opneem?

2 JAN LUDICK: Nee, Kaptein, gaan maar voort.

**FX** **BANDMASJIEN WORD AANGESKAKEL**

3 MALAN: Goed dan, laat ons begin.

**FX LEWEND** **PAPIERE WAT RITSEL MET DEURBLAAI**

4 MALAN: Die ondersoek is na ons verwys deur die Hoofinspekteur van Myne. Ek  sien jy werk as ‘n myner, ekskuus ‘n mynwerker, by Olifantsfontein-myn. En jy was aan diens op die 16de Augustus verlede jaar?

5 JAN LUDICK: Ja, ek was.

6 MALAN: Die dag dat die rotsstorting plaasgevind het, nè?

7 JAN LUDICK: Ja, dit was eintlik ‘n drukbars, en ons was ondergronds vasgekeer. Ek en Jabu en Willem en die mynkaptien. Die proto-spanne moes ons kom red.

8 MALAN: Die mynkaptein is tydens hierdie storting, ek bedoel, die drukbars, dood, nie waar nie?

1 JAN LUDICK: Ja, dis reg. Meneer Frits Landman.

2 MALAN: Hoe ?

3. JAN LUDICK: Ek weet nie. Seker maar 'n klip op sy kop geval of iets.

4 MALAN: Dra julle ouens dan nie harde hoede nie?

5 JAN LUDICK: Ja, ons dra mynhelmets, maar party van die rotse was vrek groot, hoor.

6 MALAN: (PEINSEND) Mmm. Vertel my asseblief wat gebeur het daardie dag, meneer Ludick. Moet niks weglaat nie. Verstaan jy? Vertel my alles wat jy onthou.

**FX: KRUISDOOF NA ONDERGRONDS IN MYN. 'N LUGDRUKBOOR WAT SPORADIES BOOR, DIESELENJINS WAT LUIER, KLIPPE WAT SPAT EN VAL.**

7 LANDMAN: (SKREE OM BO DIE GERAAS GEHOOR TE KAN WORD) Kom boys! Outoppie! Jabu! Hierdie production record is amper ons s'n! Ons is op target! Toe-toe! Ek het daai bonus nodig!

8 JAN LUDICK: (PRAAT MET HOMSELF DAT LANDMAN NIE KAN HOOR NIE) Ja, ons doen al die werk en jy kry die groot bonus. Jy staan net en skree.

9 LANDMAN: Hey, Outoppie, wat sê jy daar? Ek kan jou nie hoor nie!

1 JAN LUDICK: (HARDER) Nee, niks nie! Ek praat net met myself!

2 LANDMAN: (SKEL BERISPEND) Luister, Outoppie! Jy moet graft, hoor. Moenie net daar sit en chat nie! Nie eers met jouself nie. Die werk moet klaarkom lat die dinamite gelaai kan word! Honestly, die ou toppies van vandag! Hei, Jabu! Jy loaf alweer, nè! Jy speel met jou career, hoor jy! Daar is baie jobless laaities wat hulle linkerarm sal gee vir jou job!

3 MABASA: Nee, meneer, Reg, meneer.

4 JAN LUDICK: Ja, meneer, ek hoor! (SAGTER VIR HOMSELF) Ek hoor maar te goed wat jy daar sê!

**FX: SNY TERUG VAN MYNTONEEL NA ONDERVRAGINGSKAMER**

5 JAN LUDICK: Hy was ‘n regte slawedrywer, die Frits Landman. Hy het altyd fout gevind. Kaptein, ek kon niks reg doen in sy oë nie. Hy het net altyd gekritiseer.

6 MALAN: Hou jy van jou werk?

1 LUDICK: (VOL SELFVERTROUE) Ja, kaptein. Ek weet ek was die beste myner in ons span, al is ek ouer as die ander myners. Niemand kon by my kers vashou as ek en Jabu moes boor nie. Ons twee het meer gate geboor in ‘n dag as enigiemand anders op dieselfde skof. Ons kon vinnger skoonmaak as enigiemand anders. Oor baie jare het ons Frits Landman se bonusse vir hom verdien.

2 MALAN: Goed ek sien. Dit mag so wees, maar ek wil weet wat daai dag gebeur het. Gaan asseblief voort, meneer Ludick.

3 LUDICK: Dit was maar soos enige ander dag. Ek en Jabu was heel voor teen die face. Ons was besig om ons werk soos gewoonlik te doen...

**FX: KRUISDOOF NA ONDERGRONDS IN MYN.**

4 JAN LUDICK: Hou vas daar Jabu. Die ding is amper reg.

5 MABASA: Okei, Jan. Maar jy moet pasop as jy so praat. Die voorman hy gaan jou nog hoor.

6 JAN LUDICK: Dis ook maar orraait. Kom, laat ons klaar boor.

**<u>FX</u>** **<u>LUGDRUKBOOR WAT AAN HOUDEND BOOR. DAN KRAAKGELUID HARDER AS BOORGELUID. BOOR SKIELIK STIL. ANDER FX DUUR VOORT</u>**

1 JAN LUDICK: (PANIEKBEVANGE. SKREE HARD) O, magtag! Drukbars! Drukbars! Hardloop! Kom Jabu, los alles! Hardloop!

**<u>FX</u>** **<u>ROTSSTORTING. GELUIDE VAN ROTSE WAT VAL EN MENSE WAT PANIEKBEVANGE SKREE. DIESELMASJIENE HOU OP LOOP. DAN STILTE, NET GELUID VAN WATER WAT AF EN TOE DRUP. DUUR VIR HELE TONEEL</u>**

**FX LEWEND** **KREUNE VAN IEMAND IN PYN.**

2 JAN LUDICK: (HOES)

3 MABASA: (HOES)

4 JAN LUDICK: (BENOUD) Hallo? Is hier nog iemand? Hallo, antwoord my.

5 MABASA: (HOES)

6 JAN LUDICK: Wie’s daar? Is dit jy, Jabu? O hel, dit is pikdonker. Jabu, kan jy my hoor? Waar’s jy?

1 MABASA: (GESTRES) Ja, ek kan. Ek is hier, hier langs jou.

2 JAN LUDICK: Dankie tog. Is jy oukei?

3 MABASA: Ja! Is jy oukei?

4 JAN LUDICK: Ja, ek is. Ja, dankie. Waar is jou lamp?

5 MABASA: Weg. My helmet hy is ook weg. Ek dink ‘n klip het op my helmet geval. Ek dink hy is stukkend...

6 JAN LUDICK: (VAL JABU IN DIE REDE) Jy’s blerrie gelukkig! Dit kon op jou kop gewees het.

7 MABASA: Waar is jou lig?

8 JAN LUDICK: Die hele ding is stukkend. Die battery, die skakelaar, die lens, alles is verdomp stukkend. Ek dink hy het gebreek toe ek geval het. Dis nou ‘n gemors! Dis ‘n blerrie gemors van ‘n gemors!

11 MABASA: Eish, Jan, ek like dit niks nie! Ek like nie die donker nie.

12 WILLEM ELS: (REDELIK VER WEG – ROEP) Hallo, kan iemand my hoor? Is hier nog iemand?

13 MABASA: Jan. Hoor daar! Iemand hy roep.

14 JAN LUDICK: (ROEP) Is hier nog iemand hier naby? Kan jy my hoor?

1 WILLEM ELS: (ROEP HARD) Ja!

2 JAN LUDICK: (ROEP) Wie’s dit?

3 WILLEM ELS: (ROEP TERUG) Dis ek, Willem! Willem Els!

4 MABASA: Dankie tog, hy lewe.

5 WILLEM ELS: (ROEP) Wie is daar?

6 JAN LUDICK: (ROEP TERUG) Jan Ludick!

7 MABASA (ROEP) Jabu Mabasa!

8 JAN LUDICK: (ROEP) Is jy oukei?

9 WILLEM ELS: (ROEP STEEDS) Ja. (POUSE) Hening boys, is ons die enigstes hier?

10 JAN LUDICK: Ek dink ek het iemand hoor kreun, so ek weet nie.

11 WILLEM ELS: (ONTSTELD) O, hening! Dit is erg. Al die manne! Het hulle uitgekom? Is hulle onder die klippe?

12 JAN LUDICK: (ROEP TERUG) Weet nie. Dis net ek en Jabu hier.

13 WILLEM ELS: (ROEP STEEDS) Het die ander uitgekom?

14 JAN LUDICK: Jis, ek weet nie! Hoop so!

15 MABASA: (ROEP BENOUD) Het jy dalk ‘n lig?

16 WILLEM ELS: Hy’t geval. Laat ek kyk.. Uuh, ja hier’s hy!

17 MABASA: Kan jy hom maak werk? (DESPERAAT) asseblief!

1 WILLEM ELS: Oukei, alles voel reg.. die kabel, die battery. Die lamp voel ook reg.

2 MABASA: (HARD) Sit hom dan aan! Ek like nie van die donker nie.

3 JAN LUDICK: Oukei Jabu, oukei. Moenie worry nie, ek is ook hier!

4 MABASA: Ek worry natuurlik. Ek moes vir my ma geluister het.

5 WILLEM ELS: Mooi skoot! Hier werk hy!

6 JAN LUDICK: Bakgat, Willem, bakgat.

7 MABASA: Dankie, Willem! Ek is baie bly. Ek like niks van die donker nie.

8 JAN LUDICK: (HARD) Willem! Kom nader! Ek kan jou nie sien nie.

9 MABASA: Asseblief, Willem!

10 WILLEM ELS: Oukei. Jy bedoel seker jy kan nie my lamp sien nie. (LAG EFFENS) Oukei, ek kom nader. Hening boys, hier lê baie rotse.

11 JAN LUDICK: Hier, Willem! Hier’s ons. Loop nou net reguit. Pas op vir daai klomp rotse. Daar’s hy, nog net ‘n klein entjie.

**FX: WILLEM ELS KLIM OOR DIE ROTSE**

12 WILLEM ELS : (BY MIKROFOON) (verbaas) Hening, boys! Waarop trap ek nou?

1 LANDMAN: (KREUN VAN PYN) Eina, eina.

3 WILLEM ELS: (GESKOK) Dis iemand se arm! Sorrie, man, sorrie!

4 JAN LUDICK: Wie is dit, Willem? Kan jy sien?

2 LANDMAN: (KREUN DEURENTYD VAN PYN) Eina

5 WILLEM ELS: Hy is toe onder die stof. Wag laat ek die stof van sy gesig af vee.. so ja, nog so 'n bietjie. Dit lyk vir my.

6 MABASA: (val Willem in die rede) Wie, Willem, wie is dit?

7 WILLEM ELS: Die voorman!

8 JAN LUDICK: Wie? Frits Landman?

9 WILLEM ELS: Ja, dis hy. Dis Frits Landman! (praat met Frits) Hening, meneer! Frits! Kan jy my hoor? Is jy oukei?

10 LANDMAN: (kreun effens) Ja, ek kan. (roep skielik uit) Verdomp! My been! Eina, my been! Hel, my been is seer, man!

**FX: SNY SKERP NA ONDERVRAGINGSKAMER**

11 MALAN: Nee, wag nou eers 'n bietjie, meneer Ludick. Ek dog jy sê die Voorman is tydens die rotsstorting dood. Nou sê jy hy het nog geleef. Hoe verstaan ek jou nou?

12 JAN LUDICK: Ek het nie gesê die drukbars het hom doodgemaak nie.

13 MALAN: Kom ons check... laat ek net gou die band terugspeel

**FX BANDOPNEMER WAT TERUGGEDRAAI WORD EN BEGIN SPEEL**.

1 JAN LUDICK: (FILTER).

(HERHAAL SY STELLING VAN VROEëR SOOS BANDOPNAME WAT TERUGSPEEL) “Seker maar ‘n klip op sy kop geval of iets.”

**<u>FX BANDOPNEMER WORD AFGESKAKEL EN WEER VORENTOE GESPOEL</u>**

2 MALAN: Wat sê jy nou?

3 JAN LUDICK: Ek het bedoel, .. uh, ek het gemeen. Die klip het seker maar met die nastorting of iets geval.

4 MALAN: Meneer Ludick, moenie vir my lieg nie. Gaan liewer aan met jou storie. Wat het gebeur het met die lewende Voorman, die ewe skielike lewende Voorman by julle.

**<u>FX SNY TERUG NA ONDERGRONDS IN MYN. NET GELUID VAN WATER WAT AF EN TOE DRUP.</u>**

5 MABASA: Wat is fout met sy been, huh?

6 LANDMAN: (KERM) Check gou, ek vrek van die pyn.

7 WILLEM ELS: (EFFENS WEG) Laat ek kyk, meneer. Net gou die lig hier oor jou bene skyn. (GESKOK) O, hening! Ag, nee

8 MABASA EN JAN GELYK: Wat?

9 LANDMAN: Ja, wat? Wat gaan aan? Wat is die scene met my been?

10 WILLEM ELS: Meneer, hier is ‘n moewiese rots op jou been.

1 LANDMAN: Hel, maar dis seer! Haal af! Wat staan julle nog so? Haal die flippen ding af!

2 JAN LUDICK: (SAGGIES VIR HOMSELF) Miskien moet jy liewer mooi vra.

3 MABASA: Wat brom jy alweer vir jouself, Jan?

4 JAN LUDICK: Nee, dis niks nie. (HARDER) Oukei, manne, kom ons kyk of ons hierdie rots kan skuif. Kom Willem, kom staan hier langs Jabu. Ek gaan tel, en op drie stoot ons hom na regs. Oukei?

5 WILLEM ELS: Reg!

6 MABASA: Oukei, reg!

7 JAN LUDICK: Goed, hier gaan hy, een, ... twee.. drie!

ALMAL STEUN EN KREUN EN DRUK

8 WILLEM ELS: Nee, hening ou Jan, ons beweeg hom nie eers nie!

9 LANDMAN: (DRIFTIG) Kom aan! Kan julle nie eers 'n klip move nie? Kom Outoppie, moenie so 'n slapgat wees nie.

10 JAN LUDICK: Hoor hier, meneer, ons probeer ons bes.

13 LANDMAN: Dis obviously nie goed genoeg nie.

14 JAN LUDICK: (ERGERLIK) Nee, maar dan is dit goed so. As ons beste nie goed genoeg is nie, dan los ons dit. Sien maar self en kom hieruit!

1 MABASA: Nee, Jan, kom nou. Meneer Landman hy is ons Voorman. Ons kan hom nie net los daar onder by die rots nie.

2 JAN LUDICK: (NOG STEEDS VIES) Maar dan moet hy ophou om ons te kritiseer en eerder probeer om ons te help. (HARDER) En meer dankbaar wees!

3 MABASA: Okei, Jan, los dit.

4 JAN LUDICK: Kom, julle, kom ons probeer weer. Is julle reg?

5 WILLEM EN MABASA: Ja!

6 JAN LUDICK: Oukei, weer op drie. Een... twee...drie!

<u>ALMAL STEUN EN KREUN</u>

7 WILLEM ELS: Nee, wat, hy beweeg nie eers ‘n aks nie! Ons roer hom nie. (APOLOGETIES) Hening, sorrie meneer, ons roer hom nie.

8 LANDMAN: (ERGERLIK) Hel, maar julle is blerrie useless! Ek fire julle sommer almal!

9 WILLEM ELS: Sorrie, meneer. Ons is jammer, maar ons kry nie hierdie rots geroer nie.

10 MABASA: Hierdie rots hy is heeltemal te groot en swaar. Ons drie ons is te min om hom te roer.

11 WILLEM ELS: Wil meneer bietjie water hê? Ek het nog my bottel hier in my sak.

12 LANDMAN: (BARS) Ja! Gee!

1 JAN LUDICK: (GEDEMP VIR JABU) Hoor jy daar, Jabu? Ongeskikte vark! Ken nie van dankie of asseblief nie.

2 MABASA: Ek dink die Voorman hy het seer, Jan. Wees maar bietjie geduldig.

3 JAN LUDICK: Geduldig se voet!

4 WILLEM ELS: Hierso, meneer... laat ek bietjie jou kop lig dat jy makliker kan drink... so ja.

5 LANDMAN: (SLUKGELUIDE) aaah, dis net wat ek geshort het.

6 WILLEM ELS: Hey, hokaai meneer! Moenie nou alles opdrink nie!

7 JAN LUDICK: Hier is nog drie van ons ook, en ons weet nie hoe lank dit gaan vat voor die proto's ons hier uithaal nie. Gee liewer daai bottel hier dat ek hom oppas.

8 LANDMAN: Nee! Ek sal drink soveel as ek wil! (SLUKGELUIDE) Ek is die baas hier rond en ek sal self die call maak.

9 JAN LUDICK: O nee, dis waar jy die fout maak, meneer Landman! Gee hier daai bottel. Ons is almal saam in hierdie ding. Nou is ons gelykes. Hier is nie nou 'n baas of 'n klaas nie. Almal gelyk.

10 LANDMAN: (VERONTWAARDIG) Julle my equals? Rubbish!

11 JAN LUDICK: Ja, ons is, want àl wat almal van ons nou is, is vasgekeerde myners. Niks meer nie en niks minder nie. Almal gelyk.

1 LANDMAN: Ek is en bly die chief, hoor jy, Outoppie? Hoe kan jy my compare met jou, jou blerrie useless ou man. (BESKULDIGEND) In any case, dis jou blerrie skuld dat ons nou in hierdie fix is!

2 JAN LUDICK: (VERBAAS) My skuld? My skuld? Hoe kry jy dit reg?

3 LANDMAN: Jy het geboor! Obviously het jy nie gekyk wat jy doen nie. Jy het toe die faultline raakgeboor!

4 JAN LUDICK: Wag ‘n bietjie, Frits Landman. Jy kan mos nie sê dat so iets my fout is nie! Ek boor net waar die plofstofmanne hulle kruisies verf. As die kat kleintjies kry is dit natuurlik ook my fout. As jy behoorlik toesig gehou het in plaas van om te ginnegaap, sou jy dalk die fout in die rotse gesien het. Dis mos jou job!

5 LANDMAN: (ERGERLIK) Hey, Outoppie, wat tune jy my? Wag net dat ek hier uitkom! Ek sal jou wys! (KREUN) Eina, my been! My been! (SAGTER IN PYN) Haai, Els! Waar is daai water? Pass dit hier, jong! Ek suffer.

6 WILLEM ELS: Hening, meneer, ek is sorrie, maar dit is klaar. Jy het alles uitgedrink.

7 JAN LUDICK: En wat sê jy nou, Jabu? Kyk nou wat het hy gedoen! Drink al die water uit. Wat nou van ons?

1  MABASA: Okei, Jan word kalm! Dit gaan nie help as jy skree op my nie.

2 WILLEM ELS: (RUSTIG) Ja, Jan. Kalmeer asseblief. Dit help nie ons werk ons nou op nie. Ons moet ons energie spaar. Jy het nou-nou net self gesê ons weet nie hoe lank dit nog gaan duur voor die proto's ons hier uithaal nie.

3 MABASA: Weet daardie proto's ons is nog hier onder by die myn?

4 WILLEM ELS: Ek is seker hulle weet.  Almal sou die skudding gevoel het. (ONSEKER) Hening, Jabu, dink jy nie so nie?

5 MABASA: Eish, ek weet nie. Ons weet nie of iemand ons mis nie. Het iemand die boodskap gekry dat ons hier is?

6 JAN LUDICK: Daar word altyd roll-call gehou na 'n skudding. Hulle sal gou agterkom ons is nie bo nie. Ons is seker nou al amptelik vermis.

5 WILLEM ELS: Hening, boys. Dis net ons ou viertjies. Ons is alleen hieronder.

7 LANDMAN: Els, pass jou lig vir my. Ek wil check wat aangaan. Ons moet net tight hier sit tot die proto's ons kom rescue.

**FX: SNY MYNBYKLANKE - TERUG NA ONDERVRAGINGSKAMER**

1 MALAN: Ja, meneer Ludick. Wat gebeur toe verder?

2 JAN LUDICK: Ag wat, niks eintlik nie. Ons het maar so gesit en praat en gewag. Toe kom haal die protospanne ons uit.

3 MALAN: En hoe lank het julle so gesit en wag?

4 JAN LUDICK: Ek weet nie. Seker so vier na ses ure.

5 MALAN: (GEMAAK VERBAAS) Vier tot ses ure? En niks het gebeur nie?

6 JAN LUDICK: Dis reg, ja.

7 MALAN: En die voorman, Frits Landman, was alreeds dood toe die protospanne julle bereik. Nie van die besering aan sy been nie, maar volgens die nadoodse ondersoek, weens 'n verbryselde skedel

8 JAN LUDICK: As u so sê, ja.

9 MALAN: Kan jy dalk vir my sê hoe het meneer Landman hierdie dodelike hou teen sy kop opgedoen?

10 JAN LUDICK: Nee, Kaptein, ek weet nie.

11 MALAN: Maar jy het netnou net gesê dat 'n klip op sy kop geval het. Nou weet jy skielik nie.

12 JAN LUDICK: Ek het niks meer te sê nie.

1 MALAN: Meneer Ludick, jy het sopas vir my vertel hoe jy en die oorledene, die voorman, geargumenteer het. En nou sit jy hier ewe doodluiters en sê niks het gebeur nie!

2 JAN LUDICK: (sagter) Ja.

3 MALAN: Nee wat, meneer Ludick. Jy lieg nou te lekker. Dit lyk nie vir my of ons iets gaan bereik nie. Dis duidelik dat jy iets probeer wegsteek of verswyg. Ek gaan jou nou vir eers alleen los. Ek gaan met jou kollega's gesels, en dan kyk ons of jou geheue nie in die tussentyd verbeter nie...

**FX MUSIEKBRUG**

4 MALAN: Meneer Mabasa, jy was ook saam menere Ludick en Els vasgekeer?

5 MABASA: Ja, ek was.

**FX LEWEND RITSEL VAN PAPIER SOOS MALAN DEUR NOTA'S BLAAI**

6 MALAN: Jy het alles gehoor en gesien wat gebeur het? Daar terwyl julle vasgekeer was? Het jy gehoor hoe meneer Jan Ludick en die Voorman argumenteer?

7 MABASA: Ja, Kaptein. Ek was mos saam daar onder by die myn.

1 MALAN: Meneer Mabasa, vertel vir my wat verder gebeur het.

2 MABASA: Okei, ons het vir ’n lang tyd net so stil gesit. Ons het niks gesê nie of niks gedoen nie. Ons het nie geroer nie. Meneer Els hy het gesê ons moet ons energie spaar. Die hele tyd.

**FX: SNY TERUG NA MYN. NET AF EN TOE GELUID VAN WATER WAT DRUP EN ENKELE KLIPPIES WAT VAL.**

3 MABASA: Wat drup so?

4 JAN LUDICK: Dis water, Jabu.

5 MABASA: Ek kan hoor dis die water, ja. Maar watse water? Waar kom dit vandaan?

6 JAN LUDICK: Jis, ou Jabu, ek weet nie. Van die verkoelingsisteem. Of dalk grondwater.

7 MABASA: Eish, Jan weet jy hoe dors maak dit my?

8 JAN LUDICK: Ja, Jabu, ek weet. Ek is self ook dors. My tong sit al teen my verhemelte vas. Maar waar is die drinkwater? Wie het dit opgedrink?

9 LANDMAN: Don’t blame me! Dis van tjol praat dat jou tong teen jou verhemelte vassit man! Nie van dors nie.

10 WILLEM ELS: Stop dit, julle twee.( DAN BEKOMMERD) Water is nie ons enigste probleem nie.

11 MABASA: Wat is dit, Willem?

1 WILLEM ELS: Ek dink die lamp se battery is besig om pap te word.

2 MABASA: Eish!

3 WILLEM ELS: Kyk bietjie, Jan, Jabu. Lyk hy nie vir julle ook flouer nie?

4 JAN LUDICK: Ja, hy lyk vir my flouer.

5 MABASA: (HOOPVOL) Hy lyk reg vir my!

6 LANDMAN: Dis maar net wishful thinking. Gebruik jou breins man, jy kan mos sien hy is flouer.

(SMALEND) O, sorrie, ek het vergeet, jy het nie breins nie.

7 MABASA: Meneer, jy beledig vir my!

8 LANDMAN: Ag, Jabu! Ek het mos al vir jou gesê ek insult jou nie, ek praat net die waarheid!

9 WILLEM ELS: Toe nou, julle twee! Staak dit. Konsentreer op ons probleem.

10 MABASA: Jan, waar is jou lig se battery?

11 JAN LUDICK: Nee wat, kêrels. My battery is kapot. Ek is bevrees ons het net joune, ou Willem.

12 MABASA: (BENOUD) Wat gaan ons nou doen? Julle weet ek like nie die donker nie.

13 WILLEM ELS: Ek dink die beste raad is om die lig af te sit, en net af en toe aan te sit om te kyk of alles nog orraait is.

1 JAN LUDICK: (Lag effens) En om Jabu se vrees vir die donker te verdryf.

2 MABASA: (STEEDS BENOUD) Ja, dit sal werk. As ek is baie bang, sal ek skreeu, dan jy sit hom weer vinnig aan.

3 JAN LUDICK: Hoe lank dink jy sal die battery hou, Willem?

4 WILLEM ELS: As ons hom heeltyd afhou en net so nou en dan vir kort rukkies aansit, seker ‘n hele paar ure.

5 MABASA: En as ons hom aanhou die heeltyd?

6 WILLEM ELS: Hening Jabu, seker nie meer as vyf of ses minute nie.

7 MABASA: Hoekom kan jy so sê?

8 WILLEM ELS: Toe my lig laas keer so gelyk het, het hy binne vyf minute die gees gegee.

9 JAN LUDICK: Oukei, Willem, sit hom dan af.

10 LANDMAN: (BITSIG) Dit sal die blerrie dag wees!

11 JAN LUDICK: Ekskuus?

12 WILLEM ELS: Wat sê jy, meneer?

13 LANDMAN: Ek sê dit sal die blerrie dag wees. (BESLIS) Die lig bly aangeswitch!

14 WILLEM ELS: Maar hoekom so, meneer?

15 LANDMAN: Ek wil nie in die donker lê nie. Ek wil check wat aangaan.

16 WILLEM ELS: Maar, meneer...

1 LANDMAN: (VAL WILLEM IN DIE REDE) G'n se *maar meneer* nie. Ek het klaar gepraat.

2 JAN LUDICK: Hoor hier, Frits Landman, dis nie jou besluit nie. Jy kan dit nie op ons afdwing nie. Ons is saam in hierdie penarie. Ons besluit saam wat die beste is vir ons almal. Dit is in ons almal se belang om die lamp so lank as moontlik te laat hou. Ons kan dit net regkry as ons hom baie spaarsamig gebruik.

3 LANDMAN: Whatever, Outoppie. Ek is die Voorman en ek sê die lig bly aan. Finish en klaar!

4 MABASA: Praat met hom, Jan, asseblief! Ek wil nie ure lank by die donker sit nie! (DESPERAAT) Asseblief man.

**FX SNY TERUG VAN MYN NA ONDERVRAGINGSKAMER**

5 MALAN: Hoe lank het die lampie toe nog gebrand, meneer Mabasa?

6 MABASA: Nee, ek kan nie presies weet nie. Seker so tien minute of vyftien minute.

7 MALAN: Wat het jy gedoen in hierdie tydperk?

8 MABASA: Ek het gemoan. Ek het hom gesoebat. Ek het meneer Landman gevra om asseblief die lig se battery te spaar. Ek het meneer Els gevra om af te sit sy lig.

9 MALAN: En...? Wat was die gevolg van jou versoeke?

1 MABASA: Niks. Hulle het nie eers probeer nie.

**FX: SNY TERUG NA TONEEL IN MYN: NET AF EN TOE GELUID VAN WATER WAT DRUP EN ENKELE KLIPPIES WAT VAL.**

2 WILLEM ELS: O, shucks! Hier is die lig nou finaal dood. (VERWONDERD) Hening, julle, maar dis donker.

3 MABASA: Ek like dit niks nie. Jan, ek like dit niks nie.

4 JAN LUDICK: Toe maar, Jabu, ons is hier by jou. Hier is niemand anders nie. Dis net ons vier. Jy weet dit mos.

5 MABASA: (BENOUD) Ja, maar hoeveel mense is daar onder daardie rotse begrawe? Hoeveel dooie mense is hier by ons?

6 JAN LUDICK: Nee wat, Jabu. Nie eers een nie. Dis mos net ons viertjies.

7 LANDMAN: Hei, boys! My been is flippin seer. Dit voel of hy seerder word as dit donker is. Dit voel ook kouer in die donker.

8 WILLEM ELS: Nee hening, meneer. Jy is definitief koorsig. Dit is baie warm hier onder. En hier trek nie ‘n luggie nie.

9 MABASA: (HALF HISTERIES) Ons gaan versmoor! Hier is nie genoeg lug nie. Ek kry nie asem nie. Hier is niks lug nie...

1 JAN LUDICK: Kom nou, Jabu, kalmeer. Wat het jou ma vir jou gesê? Jy het netnou...

2 MABASA: (VAL JAN IN DIE REDE) My ma sy wou nie hê ek moet by die myne kom werk nie. Sy het gesê dit is te dangerous. Sy sê net rotte en molle kruip by donker gate rond.

3 JAN EN WILLEM: LAG SO 'N EFFENSE LAGGIE

4 MABASA: Eish, kyk nou net! Kyk nou waar ek sit nou!

5 JAN LUDICK: Toe maar, die protospanne het ons nou-nou hier uit!

6 WILLEM ELS: Hening Jan, hoe seker is jy?

7 JAN LUDICK: Ja, man! Hierdie ouens is goed opgelei en het die beste toerusting. Ons is tjop-tjop hier uit.

8 MABASA: Hoe lank dink jy gaan hulle vat? Hé, Jan. Hoe lank?

9 JAN LUDICK: Seker so 'n uur of 'n uur en 'n half, ek weet nie presies nie. Dit gaan alles afhang hoeveel van die tonnel het toegeval.

10 WILLEM ELS: Hening ou Jan, hier is 'n helse lot rotse en klippe, hoor. Dit kan dalk langer vat.

11 JAN LUDICK: (FLUIT DEUR SY TANDE) Sjiss, ons sal maar moet vasbyt. Of wat praat ek alles?

12 MABASA: Jan, maar ek like nie die donker nie. Dit druk my so vas. Ek kry nie asem nie. Ek kan nie sien nie.

13 LANDMAN: Daai boytjies beter move.

---

**FX** **SNY TERUG VAN MYN NA ONDERVRAGINGSKAMER**

1 MALAN: Ja, meneer Mabasa. Wat het toe gebeur?

2 MABASA: Nee, ek weet nie, Kaptein.

3 MALAN: Wat bedoel jy, jy weet nie?

4 MABASA: Ek onthou niks nie. Ek dink my kop het my gelos.

5 MALAN: Sê my, wat is die laaste wat jy kan onthou van die gebeure ondergronds?

6 MABASA: Ek kry nie asem nie.

7 MALAN: En daarna? Wat is die volgende wat jy kan onthou?

8 MABASA: Blou lug en wolke, Kaptein. Die blou lug en wolke. Ek was so bly om by die sonlig te wees.

9 MALAN: Kan jy vir my sê wat met die oorledene, meneer Frits Landman, gebeur het? Hoe is hy dood?

10 MABASA: Ek weet nie. Ek het nie ‘n clue nie.

11 MALAN: Is jy seker?

7 MABASA: Ja, Kaptein!

8 MALAN: So jy probeer my wysmaak dat jy niks kan onthou van die laaste paar ure wat jy onder in myn vasgekeer was nie?

9 MABASA: Dit is so.

1 MALAN: Ag nee wat, meneer Mabasa, ek vind dit moeilik om te glo. Ek dink jy is besig om vir my te lieg. Ek los jou maar vir eers alleen. Ek sal later weer met jou kom praat as jy beter kan onthou.

**FX MUSIEKBRUG**

2 MALAN: Meneer Els, ek het alreeds 'n goeie idee van wat daar onder die grond gebeur het. Wat nog vir my duister is (LAG EFFENS) is wat gebeur het nadat jou lig finaal die gees gegee het. Vertel asseblief vir my wat daarna gebeur het. Begin asseblief...

**FX KRUISDOOF TERUG NA TONEEL IN MYN: NET AF EN TOE GELUID VAN WATER WAT DRUP EN ENKELE KLIPPIES WAT VAL.**

3 MABASA: (HALF HISTERIES) Ons gaan versmoor! Hier is nie genoeg lug nie. Ek kry nie asem nie

4 JAN LUDICK: (BERISPEND) Ruk jou reg, Jabu. Hier is genoeg lug vir 'n jaar, man! Jy het mos gesien hoe groot is die area waar ons is. Dis alles vol lug.

5 MABASA: (HISTERIES) Help my, Jan. Die tonnel se mure hulle begin my te druk! Ek kry nie asem nie.

6 JAN LUDICK: Jabu, haal diep asem. In en uit. In en uit. In en uit. Voel jy nou beter?

1 MABASA: Nee, Jan, nee. Kyk, daar’s my Oupa. Hy kom my haal. Daar’s my oom Zweli. Hy’s lankal dood.

2 LANDMAN: O hel. Hy raak koekoes. Gee hom ‘n klap, dat hy kan recover.

3 WILLEM ELS: Nee, meneer. Hy kry maar net ’n engtevreesaanval. Om hom te klap gaan nie help nie.

4 JAN LUDICK: Ons het jou gewaarsku dat dit gaan gebeur, Frits Landman. Ons moes die lig se battery beter benut het. Maar nee, meneer weet mos van beter.

5 MABASA: (KERM EN KLA DEURENTYD)

6 LANDMAN: Check nou hierdie ou. Sy kop los hom. Vir wat werk jy nou ook underground in ‘n myn as jy weet jy het engtevrees?

7 JAN LUDICK: Dis nie altyd so donker nie.

8 LANDMAN: Sort jy hom nou net uit dat hy kan sjarrap en stilsit. Ek wil nie hê hy moet my nou bodder nie.

8 JAN LUDICK: Kom sit hier langs my, Jabu. Dan kan jou een hand aan my raak en jou ander een aan Willem. Meneer Landman is reg voor jou. As jy vorentoe buk kan jy hom voel. Is jy hier? Sit nou. So ja, uhh, nie so naby nie. Daar’s hy, nou kan jy almal bykom. Voel jy?

9 MABASA: Uhh. Ja, dis reg so uhh (KREUN SAGGIES)

10 LANDMAN: Hei, strike daar ‘n match laat ons bietjie lig kan kry.

1 WILLEM ELS: Hening meneer, jy weet mos ons mag nie rookgoed of vuurhoutjies ondergrond bring nie. Met al die metaangas hier kan niemand ‘n kans vat nie.

2 LANDMAN: Maybe het Jabu matches? Sy kop is mos los.

3 MABASA: (SKIELIK HELDER) Jan, daar doen hy dit nou al weer.

4 LANDMAN: O, skielik back to normal?

5 JAN LUDICK: (ERGERLIK) Ja, jy is reg, Jabu. Wat te erg is is te erg! Frits Landman, stop nou dadelik jou nonsens! Ek is nou ook moeg vir jou en jou alewige neerhalende opmerkings. As Jabu jou nie gryp nie, gaan ek. Hoor jy!

6 WILLEM ELS: Jan, Jabu! Stop dit. Ek sal nie toelaat dat julle so met my senior praat nie!

7 JAN LUDICK: (STEEDS VIES) Willem, jy verdedig hom so verwoed. Maar weet jy wat hy met jou vrou doen as jy oortyd werk? Weet jy waar is hy en die mooie Sandra...

8 LANDMAN: (VAL JAN IN DIE REDE) Bly stil, Ludick! Sjarrap.!

9 WILLEM ELS: (KIL) Nee, Jan, praat! Vertel my. Wat wou jy sê? Waar is hy en Sandra? Gaan aan Jan.

10 JAN LUDICK: (KALMER) Nee, sorrie, Willem Ek het my mond verby gepraat.

1 WILLEM ELS: Dis nou te laat om op te hou, Jan. Vertel my wat hy met Sandra doen.

2 LANDMAN: (AGGRESSIEF) As jy iets sê is dit tickets met jou, Jan Ludick! Hoor jy my! Ek fire vir jou en dan is jou pension ook in sy maai.

3 JAN LUDICK: Ag ou Frits Landman, ek is nie meer bang vir jou nie. Ek wil in elk geval jou nek omdraai, maar ek kan netsowel die vuilwerk los vir Willem.

4 WILLEM ELS: (ONGEDULDIG) Toe, Jan, vertel nou. Wat van hierdie... hierdie ... rubbish en Sandra?

5 JAN LUDICK: Jy dink hy doen jou 'n guns as hy vir jou op oortydskofte sit? Jy dink hy help jou om meer geld te kry? As die hysbak by die skag se bek in verdwyn, dan klop hy aan jou woonstel se deur.

6 WILLEM ELS: Wat? My eie woonstel?

7 LANDMAN: Sjarrap, sjarrap sjarrap!

8 JAN LUDICK: Ja! Hy kom nie daar uit voor die son opkom nie! Die oomblik as jy weer bogronds kom, stap hy by jou voordeur uit. As jy huistoe ry, ry jy dalk nog by hom verby in jou eie straat.

9 LANDMAN: Dit lieg jy. Hy lieg dit, Willem. Hy lieg lat hy bars. Dis alles flippin leuens.

1 JAN LUDICK: Jy kan enige iemand in jou woonstelblok vra. Almal sien hom in en uit loop. Hy steek dit nie eers weg nie.

2 LANDMAN: Hy lieg dit Willem, Hy lieg dit.

3 WILLEM ELS: Hoekom het niemand my iets gesê nie?

4 JAN LUDICK: Ons is almal jou vriende. Ons wil nie skinderstories aandra nie. Ons wou nie moeilikheid tussen jou en Sandra maak nie. Ons wou ook nie jou job opneuk nie.

5 WILLEM ELS: (VERSLAE) Hening boys, ek kan dit nie glo nie. My eie vrou. Meneer Landman, my eie senior. Ek het gedink hy is my vriend. Ek het gedink hy hou van my.

6 MABASA: Maar toe like hy eintlik jou vrou.

7 LANDMAN: Hou jou bek, Mabasa. Mind your own flippin business, hoor jy!

8 MABASA: (WERK HOM AL MEER OP NAMATE HY PRAAT) Eers jy drink jy Willem se water. Hy het dit gebêre vir ons almal, maar jy suip dit uit. Jy gebruik al ons batterye se krag. Jy insult vir my vriend Jan. Jy verneuk vir Willem. Jy sê ek is dom. Nou wil jy vir my vloek. Ek kan dit nie meer vat nie.

9 JAN LUDICK: Stadig, Jabu. Stadig.

1 MABASA: Ek is dors, en die mure hulle druk vir my. Die dooie mense hulle staan hier voor my, hulle wil vir my saamvat.

2 LANDMAN: Daar gaan hy alweer van sy flippin trollie af. Hou hom net weg van my af, Ludick. Ek moes julle twee eintlik al lankal gefire het, dan was ons nie nou in hierdie gemors nie. Ek kan julle nie voor my oë verdra nie.

3 JAN LUDICK: Ons is die ouens wat jou bonus vir jou verdien!

4 LANDMAN: Se gat, man. Ek verdien elke sent self. Kyk nou net waar sit ek nou. Vasgekeer onder 'n blerrie rots, saam met julle klomp blerrie useless myners. Ek kon buite op die surface gewees het en lekker saam ou Sandratjie gejol het. Sy is darem te lekker sag en loving! Maar dit weet jy mos, Els.

5 JAN LUDICK: (AGGRESSIEF) Nou soek jy mos vir moelikheid, Frits Landman! Lyk my jy wil hê iemand moet jou donner.

6 LANDMAN: Nie een van julle sal aan my vat nie. Nie jy nie, nie Jabu nie, nie Els nie. Julle is flippin cowards, man Julle het nie een die guts nie.

**FX 'N SLAG, MET TWEE SAGTER EGGO'S.**

1 JAN LUDICK: Wat was dit?

**FX STILTE VIR 5 SEKONDES. NET WATER WAT AF EN TOE DRUP**

**FX KRUISDOOF VAN MYN NA ONDERVRAGINGSKAMER**

2 MALAN: Wat was die geluid, meneer Els?

3 WILLEM ELS: Ek dink dit het geklink soos ‘n hou teen meneer Landman se kop.

4 MALAN: ‘n Hou teen die kop?

5 WILLEM ELS: (SAG) Ja.

6 MALAN: Hoekom sê jy so? Wat laat jou dink dit was nie iets anders nie? ‘n Rots wat val, byvoorbeeld.

7 WILLEM ELS: (STEEDS SAG) Want ek het hom geslaan, Kaptein.

8 MALAN: Genade! Wat sê jy daar, meneer Els? Ek kon nie mooi hoor nie!

9 WILLEM ELS: (NORMALE STEM) Ek sê ek weet dit het geklink soos ‘n hou teen die kop want ek het hom geslaan. Ek het meneer Landman met ‘n klip teen sy kop geslaan.

10 MALAN: Hoekom?

11 WILLEM ELS: Hening, Kaptein. Ek kon dit nie verwerk nie. Hy en my Sandra! As ek in die donker voor my gekyk het, het ek hulle twee saam gesien. Dit was net te erg, net te erg.

1 MALAN: Hoe het jy dit gedoen, meneer Els?

2 WILLEM ELS: Oral om ons was net klippe. Ons het op hulle gesit, ons hande het op hulle gerus. Dit was oral. Ek het my regterhand om ‘n klip gevou en hom in die lug opgehou. Die klip het perfek in my hand gepas. Dis asof hy daar neergesit was spesiaal vir my. Toe meneer Landman weer praat, toe weet ek presies waar is sy kop en toe slaan ek net! Dit was raak.

3 MALAN: Besef jy wat jy sê, meneer Els? Besef jy die implikasies van jou bekentenis op band? Sal jy dit ook onder eed herhaal? Voor ‘n landdros?

4 WILLEM ELS: Ja, Kaptein. Ek is nie jammer oor wat ek gedoen het nie. (DRIFTIG) Hy het dit verdien, die vark.

5 MALAN: Wel, wel. Ek dink ek gaan jou twee kollega’s laat kom. Dalk sal jou bekentenis hulle geheue ook verfris. Sersant! Sersant! Bring asseblief daardie ander twee manne hiernatoe!

**FX MUSIEKBRUG .**

**DEUR WAT TOEGEMAAK WORD**

| | |
|---|---|
| 1 MALAN: | Ah, meneer Mabasa, meneer Ludick. Ek het ‘n interessante gesprek met julle kollega, Willem Els gehad. Hy het nou net beken dat hy die Voorman, meneer Frits Landman, met ‘n klip doodgeslaan het. Kan julle so iets onthou? Het julle geheue al verbeter? |
| 2 MABASA: | Wat meneer Els sê is nie waar nie, Kaptein! |
| 3 MALAN: | Ek is jammer, meneer Mabasa. Ek verstaan nie. Verduidelik, asseblief. |
| 4 MABASA: | Meneer Els hy jok, Kaptein. Hy wil my net beskerm. |
| 5 MALAN: | O |
| 6 MABASA: | Ek het vir meneer Landman met ‘n klip by sy kop geslaan. As hy daarvan dood is, dan is dit my skuld. |
| 7JAN LUDICK: | Hy lieg, Kaptein! Hy doen.. |
| 8 MALAN: | Jy sal ‘n kans kry, meneer Ludick. Bly asseblief eers stil dat ek na meneer Mabasa se verduideliking kan luister. Gaan voort, meneer Mabasa. |
| 9 MABASA: | Hy insult my die hele tyd. Hy insult vir my vriend, Jan Ludick. Hy drink al ons water. Hy verneuk vir Willem. Hy weet ek is bang vir die donker, en dan hy gebruik ons battery se krag op. Hy lag vir my. |
| 10 MALAN: | Gaan aan, meneer Mabasa. |

1 MABASA: Ek kon dit nie meer vat nie, Kaptein! Toe hy sê ons sal nie aan hom vat nie, want ons is te bang, toe ek slaan vir hom.

2 MALAN: Waarmee?

3 MABASA: Met ‘n klip. Daar was baie. Ek kon vat enige klip, hulle was almal reg.

4 MALAN: Besef jy wat jy daar sê, meneer Mabasa? Besef jy die implikasies van ‘n bekentenis voor getuies en op band?

5 MABASA: Ja, Kaptein.

6 MALAN: Het jy nog iets te sê, meneer Mabasa.

7 MABASA: Ja. Ek wil net dankie sê vir meneer Els dat hy my wil protect, ek meen, wil beskerm.

8 WILLEM ELS: Nee Jabu, jy’s verkeerd. Jy moenie, ..

9 MALAN: (VAL ELS IN DIE REDE) Bly maar vir eers stil, meneer Els. Jy het jou beurt gehad. Ek sal jou netnou weer ‘n kans gee.

10 MALAN: Meneer Ludick, ek wil eers weer van jou hoor.

11 JAN LUDICK: Kaptein, hulle praat nie een die waarheid nie.

1 MALAN: O, nie?

2 JAN LUDICK: Ja, definitief nie.

3 MALAN: Nou wat is dan die waarheid, meneer Ludick?

4 JAN LUDICK: Kaptein, die waarheid is dat ek vir Frits Landman oor die kop geslaan het.

5 MALAN: Julle almal skerm lekker vir mekaar, nè! Netnou het jy gesê jy kan nie onthou nie. Dat dit dalk ‘n rots was wat neergestort het. Julle al drie lieg soos tandetrekkers.

6 JAN LUDICK: Nee, dis die waarheid. Dit was ek! Dit was nie Jabu of Willem nie.

7 WILLEM ELS: Nee, dis nie waar nie. Dit was ek, dit was regtig ek.

8 MALAN: Meneer Els, laat ek nou maar by Jan Ludick hoor hoekom hy sê dit was hyself. Netnou was hy die ene onskuld. Wat het nou verander?

9 JAN LUDICK: Goed, Kaptein. Ek het gedink ek sou loskom, omdat dit ‘n rotsstorting was en Frits Landman dood is van ‘n hou teen die kop. Mense sou glo dat ‘n klip op sy kop geval het. Maar toe my twee vriende sê dat hulle hom doodgemaak het, kon ek mos nie meer stilbly nie. Ek moet maar my skuld vat soos ‘n man.

10 MALAN: Dis edel van jou. Maar vertel my, hoekom?

1 JAN LUDICK: Ek het aanmekaar deurgeloop onder Frits Landman se tong. Hy het my aanmekaar gekritiseer. Hy het my sleggemaak. Hy het gesê ek is useless. Hy het gedreig om my af te dank, dan sou ek my pensioen verbeur. Ek het nog net ‘n paar jaar om te gaan voor ek aftree. Toe hy onder die rots vasgekeer was, het ek hom half jammer gekry. Maar toe hy weer so tekere begin gaan, het my jammerte verdwyn.

2 MALAN: En toe, meneer Ludick?

3 JAN LUDICK: Ek het toe niks gedoen nie, maar toe hy my vriend, vir Jabu Mabasa, aanmekaar beledig, het ek begin voel my selfbeheersing verdwyn nou nogal vinnig. Kaptein, hy het net nooit opgehou nie.

4 MALAN: Gaan voort, meneer Ludick.

5 JAN LUDICK: Ek het lankal geweet van sy streke met Willem se vrou. Ek dink almal het geweet behalwe Willem self.
(SAG AAN WILLEM) Sorrie, Willem.

6 MALAN: Ja, meneer Ludick. Wat toe?

1 JAN LUDICK: Ek het my mond verbygepraat daaronder in die donker, Kaptein. Toe vind Willem uit. Van sy vrou en Frits Landman, bedoel ek. Hy was gebroke. En die verdekselse Frits Landman, hy het hom daarin verlekker! (DRIFTIG) Verlekker, Kaptein! Toe vryf hy dit nog in ook. Om alles te kroon, toe sê Frits Landman ons sal nie aan hom durf raak nie. Toe slaan ek hom met een van die klippe wat daar rond gelê het.

2 JABU MABASA: Nee, jy jok dit.

3 WILLEM ELS: Dit was ek, man, dit was ek.

4 MALAN: Meneer Ludick, ek moet dit vir jou ook vra. Besef jy wat jy sê, meneer Ludick? Besef jy die implikasies van jou bekentenis? Hier voor jou kollega's en op band?

5 JAN LUDICK:: Ja, Kaptein.

6 MALAN: Wel-wel. Daar het ons dit nou. Inderdaad! Drie bekentenisse. Nou wie van julle drie het nou eintlik vir meneer Landman om die lewe gebring?

7JAN LUDICK, MABASA EN WILLEM ELS TEGELYK: Ek!

8 MALAN: Dan het julle al drie hom vermoor. Sonder dat julle van die ander se houe geweet het.

9 MABASA: Sowaar, dit klink vir my so.

10 MALAN: Meneer Ludick, dit lyk mos vir my dit wat jy gehoor het, was toe nie eggo's nie, maar drie afsondelike houe.

1 JAN LUDICK: Hel, ek kan dit nie glo van julle twee nie. Jabu, Willem?

2 MABASA: Jan, te veel is te veel, hoor!

3 WILLEM ELS: Toe ek hoor dat hy met my Sandra deurmekaar was, kon ek myself nie beheer nie. Hening boys, ek het net gecrack.

4JAN LUDICK: Ek kan dit nogal insien, ja. En Sandra, Willem?

5 WILLEM ELS: Dis nie haar skuld nie. Dis daardie blerrie Frits Landman.

6 MABASA: Ja, die rubbish!

7 MALAN: Goed, goed, kalmeer nou. Ek het al die feite op band in julle eie woorde. Ek sal die dossier na my Superintendent neem met die aanbeveling dat julle drie, naamlik Johannes Ludick, Jabulani Lukas Mabasa en Willem Jakobus Els gesamentlik en afsonderlik vervolg word vir die moord op Frits Landman.

8 JAN LUDICK: (VERBITTER) Ek het dit sien kom. Nou gaan ons drie sit oor hom, oor Frits Landman. Dis nie regverdig nie.

9 MALAN: (ROEP) Sersant! Sersant! Kom hier asseblief. Plaas hierdie drie manne in arres vir die moord op Frits Landman op 16 Augustus...

**FX DOOF UIT**

**MUSIEK**

**DIE EINDE**